# 492. EK WAS AAN DIE SWERWE (NET GOEDHEID EN GUNS)

**D                    G**
1. Ek was aan die swerwe op aarde
**A                 D**
in sondemag het ek verdwaal;
**G**
toe Yahweh die Herder my optel
**D      A        D**
het Hy my na Hom toe kom haal.

**D**
*Refrein:* *Net goedheid en guns sal my volg, my volg*
***A                 D***
*al die dae, al die dae wat ek lewe.*
***D***
*Net goedheid en guns sal my volg, my volg,*
***A                 D***
*al die dae, al die dae wat ek leef.*
***G                 D***
*En ek sal bly in die huis van Yahweh vir ewig*
***E                 A***
*en ek sal aansit aan die tafel berei vir my.*
***D***
*Net goedheid en guns sal my volg, my volg,*
***A                 D***
*al die dae, al die dae wat ek leef.*

**D                    G**
2. My siel word verkwik as ek moeg is.
**A                 D**
Hy gee vir my sterkte en krag.
**G**
Langs waters wat stil is lei Hy my,
**D         A      D**
wys waar ek moet gaan elke dag.

**D                    G**
3. Deur donker en deur groot gevare
**A                 D**
is Yahweh die Herder by my.
**G**
Hy lei my na veilige oorde
**D      A      D**
wat Hy vir Sy kinders berei.